INVLOEDE

Dis reg. Ek dink ons behoort te staan wanneer ons Sy Woord lees. Dink julle nie so nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] So laat ons net 'n oomblik staan, terwyl ons Sy Woord lees. Ek lees, vanaand, vir 'n Skrifles, gevind in die Boek van Jesaja, die 6de hoofstuk. Luister aandagtig.

> *In die* dae van die *koning Ussia* gesterf het, *het ek die* HERE *sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl Sy some die tempel gevul het.*
>
> *Sérafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.*
>
> *En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig, is die* HERE *van die leërskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol!*
>
> *En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword.*
>
> *Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die* HERE *van die leërskare, gesien!*
>
> *Maar een van die sérafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar afgeneem het,*
>
> *en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.*
>
> *Daarop hoor ek die stem van die* HERE *wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.*

2 Laat ons ons hoofde nou buig.

3 Vader: "wee," ons voel net soos Jesaja gevoel het: "Wee ons! Want ons oë het die Koning gesien, die Here van die Heerlikheid." Ons dank U, Here, dat daar 'n reinigingsproses is, vanaand, wat nie net ons lippe kan aanraak nie, maar ons harte en ons siele, en ons kan reinig van al ons onreinheid. Want dit is, waarlik, ons woon onder mense met onrein lippe, en ons lippe, ook, is onrein. Ons bid dat die groot Heilige Gees sal kom en ons lippe en ons harte aanraak met salwing, die Vuur van die Heilige Gees van die altaar van God, en ons reinig van al ons ongeloof en vertwyfelings, dat Hy mag inkom en Sy intrek by ons neem. Want, ons het Hom lief, en ons bemin Hom, en ons aanbid Hom. Ons bid, Vader, vanaand, as daar enige hier is wat nog nie die

daardie reinigingsaanraking van die groot Heilige Gees gehad het nie, die Vuur van God, dat vanaand hierdie werk in hulle gedoen sal word vir die Koninkryk van God se onthalwe. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Mag maar sit.

4 Nou ek is . . . sal probeer om vroeg te verdaag. Ek wil nie hê julle moet Sondagskool misloop nie. Nou, dis in die haak vir julle om ’n dag se werk mis te loop, julle sal dit nie te veel mis nie; maar julle gehou tot nege-dertig, of iets, nou die aand. Maar moenie Sondagskool misloop, wat julle ook al doen nie.

Nou my onderwerp vanaand is: *Invloede*.

5 Ons wil hierdie storie lees, ons moet blaai na Twee Kronieke, die 26ste hoofstuk, en julle kan dit lees. Hierdie Ussia was ’n skaapwagterseun. En hy, Twee Kronieke 26 sê vir ons, hy is as koning gesalf op sestienjarige ouderdom. En Ussia se vader, ’n godvresende man. En hierdie man was ’n goeie man, het godvresende ouers gehad: “Hy het dit gedoen wat reg was in die oë van die Here.” Nou ons vind dat gewoonlik . . .

6 Ek—ek dink vandag, ons groot probleem, van wat ons glo om jeugmisdaad te wees, is ouermisdaad, ’n huismisdaad. Ons—ons mense het weggegaan van die dinge waarby hulle—hulle moes gebly het. Die kerk het louwarm of koud geword, en die—die kinders het in die wêreld uitgegaan.

7 Nou Hollywood gee baie films uit en—en televisies, ensovoorts, wat selfs ongesensor is, waar hulle vloek en—en—en God se Naam ydellik gebruik. En—en dit was altyd verkeerd vir die kinders in die heiligheidkerke om na—na—na bioskope of films te gaan, en nou het Satan een sprong voor gekom, deur dit reguit in die huis in te bring, in die vorm van televisie, en dan ongesensor, en—ensovoorts. En dis die Satan se manier om geleidelik in te kom.

8 Soos die ou rodelslee altyd was. Baie van julle onthou dit nie, want julle is te jonk. Het altyd vermaak vir die kinders gehad; jy gaan sit op jou rodelslee, beweeg net om, om. Daar was ’n gat, ’n glybaan, en almal sou mekaar uitdaag, wie die naaste daaraan sou gaan. En naderhand, voor jy dit geweet het, [Broer Branham klap sy vinger—Red.] het jy afgegaan.

9 Dis hoe sonde is. Moenie daarmee peuter nie. Moenie kyk hoe naby jy daaraan kan kom nie. Kyk hoe ver jy daarvan af kan wegbly. Sien? Moenie enige kans vat nie. As jy ’n kans gaan vat . . . Ek wil geen kanse hê nie.

10 ’n Ou Skotsman, eenkeer, het hulle gesê, sou ’n berg oorsteek. En die waens het gewag, elke man wou hom oorneem. Hy het gesê: “Ek wil die beste touleier hê om my te neem.”

11 Een van hulle het gesê: “Wel, ek kan my ses perde op ’n vol galop bestuur, binne—binne tien duim van daardie rand om

daardie berg." Om af te val, is dit dood. Gesê: "Ek is genoeg van 'n touleier om my perde te bestuur, veilig, daarom, binne tien duim van my wiele, en nie af te val nie."

12 Die ander een het gesê: "Ek kan dit klop. Ek kan binne ses duim bestuur, of vier duim, en nooit afval nie."

Hy het gesê: "Wat van u, meneer?"

13 Gesê: "Wel, ek weet nie. Ek hou nie daarvan om dit te doen nie. Ek—ek bly net teen die wal."

Hy het gesê: "Neem jy my." Dis reg. Dis die een.

14 Dit is nie hoe naby jy kan kom, en hoe goed jy dink jy is beskerm nie, bly net so ver weg van sonde as wat jy kan bly. Bly net so ver weg as wat jy kan. Sê: "Wel, ek kan *dit* doen. Daar is geen kwaad daarin om *dit* te doen nie." Wel, as daar 'n vraag in jou gemoed is, moet jy dit glad nie doen nie. Enige plek waar daar 'n vraag is, bly weg daarvan. Dan, jy sien, dan lewe jy absoluut deur geloof, as daar geen vraag is nie. As daar 'n vraag is, los dit dan, moet glad nie soontoe gaan nie.

15 En ek dink dat baiekeer is dit die ouers wat wegdwaal. Ek weet daar is partymaal dat die—die skole, en dinge. En Sondagskool omtrent 'n halfuur, of uur van Sondagoggend, en die wêreld het die kinders die res van die week, en druk meer in hulle as 'n onderwyser. En baiekeer, te veel keer, het die onderwyser 'n klein kwartiertjie waaroor sy leer, terwyl sy haar lippe verf en haar hare doen, laat die kinders die beste doen wat hulle kan.

16 En dan by die huis kry hulle glad geen Christenopvoeding nie. Moeder is buite êrens na 'n kaartpartytjie, en pa is onder by die kegelbaan, en—en suster is uit met iemand met 'n sportmotor. En hier het julle dit, sien. Wat, waarnatoe-waarnatoe gaan ons? Jy net, dis net dis... Dis verskriklik. En wanneer ons uitvind dat al hierdie dinge tesame. Junior uit, wat op—en—af in die straat, op sy motorfiets ry. En, o, dis party van hulle aan die golf speel, en ander aan die potspel speel, en dis net iets anders vir vermaak. En die kerk het laat gaan.

17 Baiekeer, dan het hulle 'n raad daar; as daardie pastoor miskien 'n dingetjie aanroer wat soort van 'n bietjie teenstrydig was—was, of iets daaroor sê, sou daardie raad hom voorbring, sy naam sou opgaan na die hoofkwartiere en hy sou geëkskommunikeer word. So, julle sien, dit het 'n etekaartjie geword, in plaas van gesalfde dienaar om die Evangelie te preek. Sien? Dis reg. Dit het iets geword wat hulle wil hê. Dis—dis 'n etekaartjie. Hulle moet daar bly, goeie betaling kry. Luister, broer, God wees 'n man genadig wat sy geboorteregte daarvoor sou verkoop. Luister!

18 Ons het manne nodig wat die Evangelie kan hanteer, kaalhand, nie met enige soort van 'n denominasionele handskoen

aan nie. Lê dit net daar uit soos dit geskryf is, en—en laat die spaanders val waar hulle wil. "As die skoen pas," het mamma altyd gesê: "dra dit." Gesê: "Moenie terughou nie." Nou, so ons het daardie dinge waarna ons behoort te luister.

19 Nou, hierdie koning, Ussia, wat so 'n wonderlike kind was. Hy het 'n godvresende vader gehad. Sy moeder het uit Jerusalem gekom, en 'n godvresende vader wat koning was voor hom, en daardie soort onderrig het in daardie seun ingesmelt.

20 Ek is nie 'n demokraat of republikein nie. Ek het net een stem uitgebring, en dit was vir Christus. En Hy is—Hy is . . . Ek gaan wen Daarmee.

21 Nou, ek—ek dink die grootste President, egter, wat ons ooit gehad het, was Abraham Lincoln. Nie omdat hy ook 'n Kentuckiër was nie, maar dit was omdat daardie man opgekom het uit niks. En die enigste boeke wat die man ooit besit het, vanaf die tyd dat hy 'n jong seun was, totdat hy amper mondig was, was die Bybel en—en Bunyan se *Pilgrim's Progress*. Sien, dit het in hom gevorm (wat?) daardie "eerlike Abe." Hy . . . Wat jy lees, wat jy doen, vorm jou karakter. Dit—dit sê wat jy is. En nou, julle sien, hy't gelees waar "as jy verkeerd gedoen het, het jy daarvoor betaal; as jy reg gedoen het, sou God dit eer," en dit het hom gevorm wat hy was. En sy ma, ook 'n—'n godvresende vrou. Hy het gesê: "As daar enige krediet aan enigiemand gegee moet word, was dit 'n godvresende moeder," wat hom reg grootgemaak het. Nou dit het gemaak, dink ek, ek sou sê, ten minste een, indien nie die grootste nie, President wat ons gehad het. Hy't uit niks opgekom, en God het hom President gemaak omdat hy 'n eerlike man en 'n goeie man was.

22 Nou, ons vind dat hierdie seun dieselfde was. Deurdat hy hierdie godvresende ouers gehad het, het hy gedoen wat reg was. Toe hy koning gemaak is, en toe hy sestien jaar oud was, het hy al die politiek geïgnoreer, en die gewilde opinies van sy dag, en hy het God gedien met eerbied. Dit het hom 'n ware koning gemaak. Om die politiek en die moderne opinie te ignoreer, en God te dien met eerbied, dit was baie goed. Sy koninkryk, God het dit geseën, was so groot totdat dit neffens Salomo s'n was. En Salomo het die grootste gehad wat daar was; maar hierdie seun was neffens Salomo, in sy koninkryk.

23 Dit was 'n—'n groot hulp vir die jong profeet Jesaja, en hy wat 'n jong kêrel was op daardie tyd, net na vore gekom het. Gebore as 'n profeet, het hy die invloed dopgehou wat hierdie man op die volk gehad het; en gesien waarvandaan sy invloed gekom het, omdat hy God vertrou het, uitdruklik. En het . . . Hy't weer opgelet, het Jesaja, hoedat God hulle sal seën wat getrou aan God se Woord sal wees.

24 Nou ons besef dat hierdie jong kêrel wou bly by die beginsels van wat God gesê het. Hy het Sy wette onderhou.

Ussia sou nie regs of links draai nie. Hy't reg gebly by wat die Woord gesê het, en God het hom geseën in alles wat hy gedoen het, vooruitgegaan, reguit voortgegaan. Wat 'n—wat 'n voorbeeld is dit vir enige jong persoon!

25 Ek dink as ons mense gehad het vandag, ons kerke wat aanspraak maak om Christene te wees, as hulle sou wegbly van die dinge van die wêreld en daardie soort van 'n lewe lei, sou dit die jonger Christene beïnvloed om ook so te maak. Maar, vandag, wanneer hulle laat gaan, en drink en rook, en aangaan, en steeds hulle belydenis probeer behou as Christelikheid, dit plaas 'n slegte struikelblok in ander mense se pad, en dit maak dit baie moeilik.

26 Onthou, die Bybel het gesê: "Julle is lewende, geskrewe briewe, gelees deur alle mense." Nou, baie mense sal nie die Bybel lees nie, maar God het jou 'n lewende verteenwoordiger gemaak. Jy is 'n wandelende brief, behoort 'n wandelende Bybel te wees, Christus in jou. Jy behoort die wandelende Woord van God te wees. As jy bely om 'n Christen te wees, en nie dit nie, jou invloed, jou. . . Wat jy beïnvloed, sal jou moet laat antwoord vir baie siele wat jy laat afdwaal het, weg van Christus, in daardie Dag van die Oordeel.

27 Ek dink dit is betaamlik vir ons, vanaand, om daaraan te dink, want elke man, vrou, seun en dogter, weet dat julle by die Oordeel gaan kom. Jy mag *dit*, *dat* of die *ander* ontsnap. Jy mag die Inkomste Belasting klop, en jy mag die Binnelandse Inkomste ontsnap. Jy mag een of ander ding doen. Jy mag die spoedgrens oorskry het en die polisie vang jou nooit. Maar, eendag, gaan die Oordeel jou vang. Dis seker!

28 "En ons weet dat die mens moet sterf, en daarna die Oordeel." Dood is nie 'n moeilike ding nie. Dis die Oordeel na die dood, dis die slegte deel. En daar, wat jy in die lewe gedoen het, en hoe jy ander beïnvloed het, sal jy voor moet antwoord op daardie Dag.

29 "Hoeveel te meer behoort ons elke las af te lê, en die sonde wat ons so maklik omring, dat ons die wedloop met geduld kan voltooi wat voor ons gestel is, met die oë gerig op," nie die geloofsbelydenis nie, nie die denominasie nie, nie een of ander ander persoon nie, maar: "op Jesus Christus wie die grondlegger en bewerker van ons geloof is."

30 Hoe ons aan daardie dinge moet dink, vriende, ernstig en eerbiedig, soos ons hierdie dag sien naderkom, en te weet dat op enige tyd jou lewe se bladsye, die boek, gesluit mag word vanaand, en môre te laat mag wees vir jou om dit te doen. Moenie uitstel wat jy vandag kan doen, vir môre nie, want môre mag nooit kom nie. Mans en vroue, seuns en dogters, vanaand hier mag sit, sal in die lykshuis wees voor daglig. Dis waar. En dan is jou boek gesluit, en jy sal nooit nog 'n kans

hê nie. Hierdie mag die laaste kans wees wat jy ooit sal hê. Dink daaraan, ernstig. Jy sê: "Wel, dit is waarskynlik nie." Dit is waarskynlik nie, maar dit kan wees. Maar, onthou, eendag gaan die boek toegemaak word, en wat jy nou doen.

31 En veral julle mense wat aanspraak maak om Christene te wees, skei julleself van die dinge van die wêreld. Hê niks te doen met die wêreld nie. Vermy dit, want iemand hou jou dop. Iemand hou jou dop. En jy gaan nie net jouself soontoe stuur nie, maar jy gaan hulle ook na die slegte plek neem, en jy sal moet antwoord vir jou invloed.

32 Hoe hierdie profeet hierdie man dopgehou het, en gesien het dat God hom geseën het, en hoe watter invloed dit was! Hoe daardie man vooruitgegaan het, wat God vir hom gedoen het. Hy het 'n—'n lewe gelei wat wonderlik was, geseënd van God, en hy sou nie regs of links draai nie.

33 Nou hier vind ons nog 'n voorbeeld hier in hierdie man, hierdie man Ussia, 'n groot koning wat eenmaal met God gewandel het. Die Bybel het gesê: "Toe die koning gevoel het dat hy veilig was, gevoel het dat hy reg was, toe het hy sy hart verhef, met trots."

34 Laat my hier stop om dit te sê, plegtig, my broer, suster. God het julle my gehoor gemaak vanaand. Ek moet doodernstig wees in wat ek sê, en julle moet doodernstig luister.

35 Dis wat die probleem is met baie mense vandag. Hulle dink . . . Ons het 'n paar van ons predikerbroers, party van hulle bereik 'n punt, miskien, en groot bedienings, totdat hulle veilig voel. Ons het dit gehad, weet dit is waar. Baie predikers in die land vandag begin drink. Party van hulle dink: "Wel, ek het my koninkrykie om my gebou. Daar's geen rede vir my . . . Daardie mense het my so lief, totdat hulle nooit enige aandag sal skenk as ek *dit* doen of ek *dat* doen nie." Laat ek jou sê, broer, daar is Een Wie kyk, en dis God. Geen mens is veilig buitekant God nie.

36 Partymaal wanneer ons 'n punt bereik, dink ons: "God seën ons. Hy't vir my 'n Cadillac gegee. Hy't vir my 'n beter werk gegee. Hy't my *dit* gegee." Dis geen teken dat Hy nie Sy seëninge van jou kan wegdraai nie.

37 Wanneer jy verhef word, en voel: "Wel, ek het eenmaal heelnag gelê en bid, ek het eenmaal *dit* gedoen en *dat* gedoen, maar ek doen dit nie meer nie," is jy op gevaarlike terrein.

38 Dis wat die probleem is met ons Pinkstermense. Terwyl, destyds, 'n lang tyd gelede, toe ons klein sendingstasietjies onder op die hoek iewers gehad het, en die vroue met geen kouse aan en 'n tamboeryn daaronder geslaan het, heelnag moes bid en alles; polisie jou opgesluit het, en in die tronk gebly het, ensovoorts. Julle het gebid. Die kerke, al die denominasies, het vir julle gelag en julle bespot. Maar nou het God julle verhef, totdat julle van die beste kerke in die

land het, 'n groot magtige denominasies, julle begin veilig voel. Wees versigtig, dis wanneer julle verhewe word. Dan, wanneer God Iets stuur, kan julle Dit nie meer aanvaar nie, want julle was reeds getuie van hierdie *ding*. Dan begin julle veilig voel, dis die tyd wanneer julle op julle pad na julle val is. Dis vir denominasies. Dis vir volke.

39 Kyk na ons volk, eenmaal een van die groot sedelike lande van die wêreld. Kyk na haar vandag, dis die bespotting van die wêreld, vuiler as enigiets waarvan ek weet.

40 Toe ek van die vliegtuig afgeklim het, en in Rome ingekom het, en opgegaan het na Saint Angelo, om in die katakombe in te gaan, was ek beskaamd toe ek 'n bord gesien het by die—die Saint Angelo Katakombe, gesê het: "'n Woordjie aan alle Amerikaanse vroue! Trek asseblief klere aan voor julle die katakombe ingaan, om die dooies te respekteer." Daar ingekom met kortbroeke aan, en broeke aan, in 'n plek soos Rome; en moes dan sê, aan die Amerikaanse vroue: "om die dooies te respekteer; en trek klere aan." Wel, dit het 'n stank in die neusgate geword! En al ons oorsese geld, en bruikhuur, en alles soos daardie, sal nooit vriendskap koop nie.

41 Wat ons nodig het in hierdie volk, en ons sal dit nooit hê nie, maar wat ons nodig het, is 'n—'n huisskoonmaaktyd; nie 'n politieke huisskoonmaak nie, maar 'n Heilige Gees gestuurde herlewing wat deur haar sal trek van kop tot toon. Dis wat ons kerke nodig het. Dis wat ons mense nodig het. Dis wat, as indiwidue, ons nodig het. Dis ons invloed... Wanneer ons verhewe raak en sê: "Ek is Pinkster. Ek het met tale gepraat. Ek het geskree. Ek het gedans in die Gees." Jy mag dit gedoen het, maar laat ek vir jou iets sê, broer, dis geen sekuriteit vir jou nie, glad nie.

42 Ons vind uit toe Ussia verhewe geword het in sy hart, vind ons uit dat God hom getref het. Wat het hy gedoen? Hy het soveel probeer om 'n prediker se plek in te neem. Hy het gedink omdat hy verhewe geword het, God hom geseën het, hom 'n groot man gemaak het, hy net enigiets kon doen wat hy wou.

43 Ek het gehoor 'n jongman sê vir my, nie lank gelede nie, hy het gesê: "Jy weet, God het my so lief, Broer Branham, Hy laat my net enigiets doen wat ek wil. Hy gee nie om nie."

44 Ek hoor soveel vandag van God wat 'n goeie God is. Hy is. Ek betwis dit glad nie. Hy is 'n goeie God. Maar Hy is ook 'n God van toorn. Sy Heiligheid vereis regverdigheid. Sy wet vereis oordeel. As daar geen oordeel aan die wet is nie, is die wet van geen effek nie. Wat sou dit help om te sê: "Dis teen die wet om oor hierdie rooi lig hieronder te gaan," sonder 'n straf agter dit? Sien, dit sou geen wet wees nie. Hulle kon niks daaromtrent doen nie; daar is nie 'n straf nie. Daar is 'n straf om God se wette te oortree, en, dit sal, jy sal tot die laaste pennie betaal, voordat jy uitgebring word.

45 Nou baie mense maak vandag daardie jammerlike fout soos hierdie kêrel gemaak het, toe hy verhewe geraak het, groot geword het, so geword het dat hy alles in sy eie hande gehad het, hy veilig gevoel het: "God het my so lief, tot daar niks is wat my nou kan pla nie." Toe hy dit gedoen het, het hy homself in dieselfde toestand laat beland soos Nebukadnésar eenkeer het, soos julle Bybellesers weet. Toe vind ons uit dat hy getref was met melaatsheid, omdat hy 'n prediker se plek probeer inneem het.

46 Nie lank gelede nie, ek preek internasionaal vir die Volle Evangelie Sakemanne. 'n Tyd gelede, het ek in 'n plek gesit, dit was oorkant in Jamaika, ons het 'n diens gehad.

47 Ek is lief vir hulle, want dis mense uit al die kerke. Dit gee my 'n kans om—om te preek. Partymaal wil die kerke nie saamwerk nie, maar hulle sakemanne werk saam, hulle—hulle moet soort van terughou vir die sakemanne se onthalwe.

48 So nou vind ons uit, dat daarbinne, ek 'n diens gehad het. Daardie aand, toe hulle weer terugkom na die Flamingo Motel, het ek gesê: "Ek is skaam vir julle kêrels." Ek het gesê: "Dis 'n skande. Al waarvan julle gepraat het, voor al die politieke leiers en dinge, en sakemanne op-en-af hier, was oor: 'Ek het 'n besigheidjie hieronder, en ek het sestien Cadillacs,' of wat ook al." Ek het gesê: "Daardie manne, julle kan nie met hulle vergelyk nie."

49 Dis wat die probleem is met die kerk vandag, julle probeer vergelyk met Hollywood. Julle probeer dit maak soos Hollywood. Onthou, Hollywood skitter; die Evangelie gloei. Julle kan nie oorgaan op hulle grond nie; jy moet hulle oorbring op ons grond. Dis waar ons hulle moet kry. Moet hulle hier kry, nie ons daar uitgaan nie. Ons kan nooit met hulle vergelyk nie. Ons wil nie. Hulle skyn en skitter; die Evangelie gloei met sagtheid en nederigheid. Dis net die verskil tussen 'n gloei en 'n skittering.

50 Nou ons vind uit, en ek het vir hierdie manne gesê, ek het gesê: "Die ding is, julle manne wat net sakemanne is, probeer die Evangelie preek. Julle het geen besigheid om dit te doen nie. Ons predikers het genoeg moeite om dit gebalanseer te hou. En julle kêrels behoort dit nie te doen nie. Julle probeer die verkeerde plek inneem. Julle is sakemanne, maar moenie die Evangelie se plek probeer inneem nie.

51 En ek—ek het gesê: "Die ding is, vandag, julle probeer sê hoeveel julle het. Watter verskil is dit teenoor die eerste pinksters! Die eerste pinksters het ontslae geraak van wat hulle het."

52 'n Sekere sangertjie daar, was 'n goeie mannetjie. Ek het hom liefgehad. Hy was 'n goeie man, maar hy het gesê: "Broer Branham, ek wil nooit met jou woord verskil, of iets Daarteen sê nie."

53 Ek het gesê: "Dis goed. As dit nie die Woord van die Here is nie, dan het jy 'n reg, broer."

En hy het gesê: "Dis een keer waar jy verkeerd is."

54 Ek het gesê: "O, nee. Nee, nee." Ek het gesê: "Die eerste pinksters het alles verkoop wat hulle gehad het, en dit in sendingstasies gegooi, en—en uitgegaan."

55 En 'n prediker daar, hy het gesê: "Dit was die slegste ding wat hulle ooit gedoen het."

Ek het gesê: "Wat? Die Heilige Gees maak 'n fout?"

56 Hy het gesê: "Ek sê nie dit nie; maar dit was die ergste ding wat hulle ooit gedoen het." Gesê: "Toe, toe die verskil in die kerk gekom het, het hulle geen huise gehad om na toe te gaan nie."

57 Ek het gesê: "Net presies die rede waarom God vir hulle hulle huise laat verkoop het, toe het hulle oral heengegaan, die boodskap versprei dwarsdeur die land. Hulle het geen ander plek gehad om na toe te gaan nie." God weet wat Hy doen, laat Hom net die Besigheid bestuur.

58 Ons vind uit dat hierdie man 'n wierookpan geneem het, begin ingaan het om—om—om 'n—'n wuif te maak, 'n—'n—'n wierookpan, wierook te brand. Dit was nie sy werk nie. Hy was koning, nie om priester te wees nie. En die priester het agter hom aan gehardloop, en vir hom gesê, gesê: "U moet dit nie doen nie. Dis net vir 'n Leviet om dit te doen, en u is nie 'n Leviet nie. Dit neem 'n toegewyde man daarvoor, en u is nie toegewy tot die Here nie. U is koning. God seën u. Dis goed. Maar u is nie toegewy om dit te doen nie."

59 Soveel keer het ons gawes gesien wat nageboots probeer word, wanneer hulle nie toegewy was tot die roeping nie. En ons het dit alles gesien. Ons sien dit vandag net soos dit toe was, sien iemand probeer 'n persoon naboots wat die Heilige Gees het; skree soos hulle, praat in tale soos hulle, en steeds weet hulle niks meer van God as wat 'n Hottentot sou weet van Egiptiese ridder nie. Dis reg, boots net na, tree so op, sit iets aan.

60 Maar laat ek vir julle sê, julle wat daarna kyk, onthou, wanneer julle sien iemand boots dit na, is daar 'n egte iets iewers. As ek 'n dollar gekry het, en dit was vals, is dit net 'n teken dat dit gemaak is van 'n regte een.

61 Maar ons sien hierdie man, Ussia, wat probeer om die plek van hierdie priester in te neem. En toe hulle agter hom aan hardloop, hom sê, het hy kwaad geword. Hy het omgedraai en hulle laat weet: "Ek sal doen wat ek wil doen. Wie is julle om vir my te sê wat om te doen? Vertel julle my wat ek veronderstel is om te doen? Ek is koning, ek doen soos ek wil!" En God het hom getref met melaatsheid, net daar. En hy het gesterf, 'n melaatse. In sy toorn, toe sy toorn ontvlam het, toe is hy getref met melaatsheid.

62 Was toe 'n les vir die jong profeet, beslis. Nadat hy hierdie man sien opkom het, en sy Ph.D., sy LL.D. gekry het, ensovoorts, en toe 'n plek probeer neem het wat nie aan hom behoort het nie. Hy het uitgevind, en hy het kwaad geword daaroor. Toe iemand vir hom probeer sê het wat SO SPREEK DIE HERE was, het hy dit nie herken nie. En God het hom getref met melaatsheid, wat 'n tipe is van sonde. Goed, hierdeur, het Jesaja geleer dat God Sy man na sy plek beveel. God beveel. Ons kan nie 'n man eenkeer neem en dit aan hom doen nie.

63 'n Jongdame, hier nie lank gelede nie, sy het vir my gesê sy . . . of sy het 'n seuntjie gehad wat sy sou . . . Gesê: "Hy het gevoel hy het 'n roeping gehad." Sy was omtrent vyf-en-dertig jaar oud, reken ek. Sy het gesê: "My seun, omtrent veertien jaar oud, hy voel hy het 'n roeping. Broer Branham, sou jy hom wegstuur en sy Ph.D. kry, of iets, so—iets soos daardie, hom na 'n sekere kollege stuur? Wat sou jy aanbeveel?"

64 Ek het gesê: "Die beste een waarvan ek weet is die kollege van kniellogie, onder op sy knieë." Ek het gesê: "Hy sal daar onder daardie beland, en, die eerste ding waarvan jy weet, dit begin om wiskun- . . . wiskunde te leer en alles *hiervan*, en so omtrent *hierdie*, en dan gee hulle hom 'n verstandstoets en 'n IK, en alles soos dit. En dan het hulle alles van God, wat ooit in hom was, uitgeneem," het ek gesê. Nie net om daardie dinge te verkleineer nie, maar ek wys julle net hoe ver hulle die spoor byster raak.

65 Kyk en sien wat, hierdie gebeur het. Nou, God beveel Sy man na sy plek.

66 Nie lank gelede nie, het ek 'n storietjie gelees waar 'n—'n vrou wat was . . . 'n—'n siekte gehad het, 'n—'n—'n—'n longontsteking, in Saint Louis, Missouri. En sy was baie, baie siek, en hulle het gesê sy gaan—gaan—gaan sterf. En sy het 'n seun in kollege gehad. Soontoe gekom om uit te vind, die dokter het, net hoeveel langer sy gehad het om te lewe. En hy het gesê: "Sy sal waarskynlik nie nog langer as 'n dag of twee meer hier wees nie.

67 So hulle het getelegrafeer na die jong seun, om "liewer huis toe te kom," sy moeder was ernstig siek. So die jong seun, wat die telegram ontvang het, het gereed gemaak om te gaan, en hy het nog 'n telegram gekry: "Jou moeder is nou beter, reg. Moenie kom nie."

68 Wel, toe omtrent 'n jaar later, wel, het die seun sy jaarlikse besoek tuis afgelê. Toe hy by die huis kom, het hy gesê: "Moeder!" Nadat hy haar gegroet het, het hy gesê: "Jy weet, ek het net gewonder, toe jy so siek was, het jy my nooit gesê net wat gebeur het nie."

69 Sy het gesê: "O, seun, ek het iets om jou te vertel." Sy het gesê: "Jy weet daardie sendingstasietjie hieronder op die straat, hieronder waar daardie mense skree soos daardie, en huil en aangaan?"

Gesê: "Ja."

70 Gesê: "Hulle pastoor glo in bid vir die siekes." Gesê: "Een van die dames het hiernatoe gekom en vir my gesê." Gesê: "Die dokter het vir my gesê ek het nog 'n paar dae oor." En gesê: "Toe het hulle gestuur en gekry, wou hê die pastoor moet vir my kom bid, en die dame het, en ek het gesê: 'Wel, sekerlik, laat hy kom.'" Gesê: "Jy weet, hy het gekom, en," gesê: "hy het 'n Skrif gelees uit die Bybel daar." En gesê: "Hy het gekom en hande op my gelê en vir my gebid. En, jy weet, die koors het my verlaat, en ek het gesond geword." En sy het gesê: "O, prys God!"

Hy het gesê: "Moeder, moeder, nou jy weet beter as dit!"

71 Gesê: "O, o, nee, nee, skat," gesê: "dit het werklik gebeur." Sy het gesê: "Glorie aan God! Ek sê jou," het sy gesê.

72 Hy het gesê: "Nou, maak jy werklik soos daardie mense." Gesê: "Jy moet dit nie doen nie, moeder."

73 Gesê: "Maar," gesê: "skat, hy het dit reg uit die Bybel gelees. Hy het daar gelees, Markus die 16de hoofstuk: 'Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.' Hier is dit net *Hier*." Gesê: "Ons, ons . . . Hier is dit net *Hier*," het sy gesê.

74 "O, moeder, dis die ongeletterde tipe daaronder." Gesê: "Daardie mense daaronder het geen geleerdheid nie." Gesê: "Hulle is net arm mense, gemors soos van die strate af, ensovoorts, en daarin gehardloop." Gesê: "Daardie pastoor . . ." Gesê: "Ons leer in die kollege, dat Markus 16, vanaf die 9de vers aan, nie geïnspireerd is nie."

Sy het gesê: "Glorie aan God!"

Hy het gesê; "Moeder, wat's fout met jou?"

75 Gesê: "Ek het net gedink, seun, as God my kon genees met die ongeïnspireerde Woord, wat sou Hy regtig doen met dit wat geïnspireerd is?" So ek dink dit handel dit net omtrent af. Nie waar nie? "As die ongeïnspireerde sal genees, wat sal die geïnspireerde doen?" Dis reg, my vriende. Ja, Meneer.

76 Nou, iemand anders se plek probeer neem. God beveel Sy man. God plaas Sy man in plek. Hy moet nie probeer om 'n ander se plek in te neem nie. Jy moet dit nie doen nie.

77 Nou die visioen by die tempel, by die tempel, hy het soontoe gegaan toe hy dit uitgevind het. Jesaja het gesien dat, Hiskia, wat met hom gebeur het, en hy toe gesterf het en daar was 'n—'n . . . Ek bedoel Ussia, en hy is—hy is weggeneem na die melaatse kamp, en sy seun moes in sy plek regeer. En toe het Jesaja soort van moedeloos geword, so hy het afgegaan na die tempel eendag, om die ding soort van van sy—van sy hart af te kry.

78 Ek dink dis 'n goeie ding vir ons almal om te doen, is af te gaan na die huis van God, afgaan en jou siel verlos, die ding van jou gemoed afkry.

79 So Jesaja het daar gekom en hy het begin bid. Hy nie. . . Dit mag in die middag gewees het, en hy. . . of vroeg in die oggend, ek weet nie. So hy het gekniel by die altaar en begin bid, en hy het begin bid totdat hy in doodse erns geraak het. Nou dis die manier. Hy het gesien waarna Hy gekyk het, hier op aarde, het gefaal. Die koning wat God geseën het, hierdie groot, magtige koning, die magtigste in die land, en tog gefaal. En toe het hy nie geweet wat om te doen nie, en hy het begin bid.

80 Toe, meteens, het hy sy hoof opgelig, en toe het hy ’n ware Koning gesien. Hy het God gesien verhewe Omhoog; Sy some wat die Hemele vul. Hy het gesien, hy het iets gesien om na te kyk, ’n ware voorbeeld. Wanneer jy kyk en ’n man jou voorbeeld probeer maak, sal jy sekerlik verkeerd gaan, want hy sal faal. Maar Hy het vir die profeet probeer sê: “Moenie kyk na die mens of wat die mens sê nie. Draai jou oë na My en wat Ek gesê het. Kyk op Hiernatoe; nie ’n aardse troon nie, maar ’n hemelse Troon, ver verhewe in die Hemele,” en Sy some het die lug gevul. En hy het opgekyk. En toe het hy gekyk in die tempel, in die tempel het hy God verhewe gesien, en die Hemelse Sérafs opgelet.

81 Nou, die Sérafs is nie Engele nie. Hulle is veronderstel om die offerandebranders te wees wat die pad bepleit vir die skuldige. En Hulle was offerandebranders.

82 ’n Spesiale bedekking was oor hierdie Wesens, en wys dat God allerheilig is. God is allerheilig. En Hulle het geskree so hard as wat Hulle kan: “Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig. Heilig, heilig, heilig,” reg in die Teenwoordigheid van God.

83 Onthou, dit was die Sérafs en die Gérubs wat die Heilige Plek bewaak. Hulle is die Een wat die offerande neem en dit offer. En hier was hulle, wat reg in die Teenwoordigheid van God woon, aan die uitroep: “Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig.”

84 Laat ons kyk na hulle samestelling vir ’n rukkie. Ons vind uit dat hierdie sesvlerkige Skepsels was. Hulle het twee vlerke oor Hulle gesigte gehad, twee vlerke oor Hulle voete, en het met twee vlerke gevlieg.

85 Dink, twee vlerke oor Hulle gesigte, eerste. Eerstens, wat sal dit wees? Laat ons uitvind wat die twee vlerke oor Hulle gesig beteken het. Wanneer God so heilig is, dat selfs die heilige Engele en Gérubs Hulle gesig moet bedek, om in Sy Teenwoordigheid te staan, hoe gaan ons staan? Wanneer om te staan, ons moet almal, in die Teenwoordigheid van God; Hy is die Opperregter, en ons sal almal in Sy Teenwoordigheid staan. En heilige Engele, wat nooit geweet het wat sonde was nie; Hulle was ’n spesiale Wese geskape, en om te staan in Sy Teenwoordigheid, moet Hulle heilige gesigte bedek, om daar te bly. As Engele Hulle heilige gesigte moet bedek, om daar te staan, wat sal ons doen, om te moet

lewe in die Teenwoordigheid van Almagtige God, as ons in Sy Teenwoordigheid bly? Ons het egter ’n bedekking, die Bloed van Jesus Christus. Dis reg. Vandag . . .

86 Dis eerbied. Dit het eerbied beteken, in die Teenwoordigheid van God.

87 Vandag is daar geen eerbied nie. O, watter bietjie daar is, is net ’n klein bietjie. Wat? Julle sien mense lag oor wat Christelikheid genoem word. Wat gaan gebeur met daardie mens? Wanneer God iets na die aarde toe stuur, en hulle sien dit word gedoen net presies volgens die Woord, en mense dan daaroor praat, en dit bespot? Julle weet wat die Bybel gesê het? Jesus het gesê: “Dis godslastering, van die Heilige Gees, en sal nooit vergewe word nie.”

“O,” sê hulle: “dis van die Duiwel.”

88 Wees versigtig wat jy sê, broer, suster. Wees versigtig wat jy sê, sondaar. Daar is geen vergifnis daarvoor nie. Jesus het gesê: “Om ’n woord Daarteen te spreek, sou nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld om te kom nie.”

89 Kyk wat Hy pas klaar gedoen het, onderskeiding, vir hulle die gedagtes vertel wat in hulle hart was, en hulle het gesê: “Hy is Beëlsebub,” die Gees van God “’n onrein gees, ’n duiwel wat die werk van God doen,” genoem.

90 En Hy het gesê: “Ek sal julle vergewe,” die versoening was nog nie op daardie tyd gemaak nie, maar, en Jesus het nie gesterf nie. “Maar,” gesê: “wanneer die Heilige Gees gekom het, om Daarteen te spreek, sal Dit julle nooit vergewe word nie.” Wanneer die Heilige Gees kom om dieselfde werk te doen, wat Hy toe gedoen het, sou dit nooit vergewe word nie. Oneerbiedige mense! Wat kan ons verwag behalwe oordeel, hierdie volk wat God verwerp het?

91 Hierdie volk, soveel Billy Graham’s en Oral Roberts wat oor hierdie land uitgeskree het, en ander groot soldate van die Kruis wat deur hierdie land gegaan het, die Evangelie gepreek het, en dis aan die amok maak elke jaar, sonde bly vermenigvuldig.

92 Dit was die—die groot evangelis, Billy Graham, wat nou die dag gesê het in een van sy dienste, toe hy na New York gegaan het, het hy gesê hy het geglo “New York het baie persent toegeneem, in sonde, vanaf sy herlewing daar.” Gesê toe hy hier in Kalifornië, Los Angeles, was, het hy gesê: “Binne tien of vyftien jaar van nou af, sal elke burger ’n pistool moet dra, of iets, om homself te beskerm, hulle kan nie genoeg wetstoepassing kry nie, sonde maak so ’n amok.”

93 O, wat is dit? Dis oneerbiedigheid teenoor die Bybel. Hulle het hulle kans verspeel. Hulle het ons gelaster en bespot. Dis reg.

94 Nou laat ons dit ’n bietjie nader aan die huis bring, kyk na die kerke, wat hulle gedoen het. Baie van hulle wat deur die

land gaan. . . Wanneer jy ’n man kry met genoeg—met genoeg ware krag van God omtrent hom, om vir die mense te sê van hulle sondige weë! Kry iemand wat vir hulle sal sê hulle moet wedergebore word, nie hande skud of vorentoe kom en ’n besluit maak nie. Hulle moet wedergebore word; nie jou naam op ’n boek sit, of by die kerk aansluit, of hande skud, of enige besprinkeling, of ’n doop nie. Maar om gebore te word uit die Gees van God, afgesonder, God se lewe wat in jou lewe, wat Ditself deurwys; nie net vandag, môre nie, maar die res van jou dae; met vreugde in jou beproewinge en verdrukkings, sou jy aanbeweeg, in die wete dat die pad voor jou oop is, na Heerlikheid. Dis die soort van ’n Evangelie! Wanneer jy hulle so kry, preek jy Dit; en kom volgende jaar terug, daar is hulle dieselfde, dieselfde ding, net erger, en meer daarvan en meer daarvan. Hoe meer jy daarteen preek, hoe erger word dit. Wat is dit? Dis oneerbiedigheid.

95 En dan gaan vyf—en—negentig persent van daardie mense kerk toe, het hulle naam op die boek, maak aanspraak om Christene te wees. Mans maak aanspraak om Christene te wees, wat rook, en drink, en dobbel, en vuil grappe vertel. Baie diakens op die raad, met een, twee, en drie, en vier vroue. Dis waar. Wat ’n skande! Vroue wat in die koor sing met kortgeknipte hare. Die Bybel het gesê: “Sy’s ’n oneerbare persoon.” Verf op hulle gesig! Daar was net een vrou wat ooit haar gesig geverf het, in die Bybel, dit was Isébel. God het haar vir die honde gevoer, so julle weet wat Hy daarvan dink. En dan kom jy om vir hulle daarvan te sê; volgende jaar, kom terug, is hulle erger as wat hulle in die eerste plek was. Oneerbiedig, hulle het geen respek nie, geen—geen gedagte van ordentlikheid nie.

96 Laat ek vir julle iets sê, vroue, jongvroue, en oud, ook; gaan hier uit met hierdie rokke aan, hierdie ou nou kleertjies, en kortbroeke. Julle sê: “Jy behoort nie so te praat nie, Broer Branham.” Ek behoort. Dis my plig. Hierdie is ’n—hierdie is ’n preekstoel.

97 Ek het ’n man my laat inroep, nie lank gelede nie, een van die grootste Pinkster evangeliste in die land. Hy het gesê: “Laat jy daardie mense met rus.”

Ek het gesê: “Wie is jy om vir my te sê om hulle met rus te laat?”

98 Hy het gesê: “Ek het jou lief.” En hy het gesê: “Jou bediening is bid vir die siekes.”

Ek het gesê: “Dis die Evangelie preek, broer.”

99 En hy het gesê: “Kyk, Broer Branham,” gesê: “wel, daardie mense glo jy is ’n profeet.”

Ek het gesê: “Ek het nooit gesê ek was nie, het ek?”

100 Hy het gesê: “Maar hulle glo jy is. Waarom leer jy nie daardie vroue hoe om die Heilige Gees te ontvang, en hoe om

gawes te ontvang en iets te doen, in plaas van om hulle altyd uit te skel oor hoe hulle aantrek en wat hulle doen nie? Waarom leer jy hulle nie daardie soort dinge, om dit te help nie?"

101 Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's wil leer nie?" Julle weet wat ABC is? Glo altyd Christus [Eng: "Always believe Christ."—Vert.] Dis reg.

102 Nou, nou hoe kan jy dit doen, hoe kan jy dit doen? Lyk asof daar 'n druk op hulle is, iets wil hulle dit nie laat doen nie. Dit maak 'n moderne Sodom. Dis die uur waarin ons staan, daardie verskriklike dinge wat aangaan in die land vandag.

En hy het gesê: "Wel, kyk . . . "

103 Ek het gesê: "Nee, ek het geen programme om te borg nie. Ek het geen kerk om my uit te sit nie. Nee, meneer." En ek het gesê . . .

Hy het gesê: "Dis die pastoor se plig, om dit te doen."

Ek het gesê: "Maar hulle doen dit nie."

104 Dan, moet iemand dit doen, 'n stem moet uitroep daarteen, want dis verkeerd. Sekerlik is dit verkeerd. Eerbiedig, respekteer Dit.

105 Nog 'n jongdame het vir my gesê eenkeer, sy het gesê: "Mnr. Branham, hulle maak geen ander klere as hierdie nie."

106 Ek het gesê: "Hulle verkoop steeds materiaal, en hulle het naaimasjiene." Dis reg.

107 Laat ek vir jou iets sê, dame. Jy mag net so skoon en deugsaam wees as wat jy kan wees. Jy mag so eerbaar teenoor jou man wees, jou kêrel, as wat jy kan wees. Maar een van hierdie dae, by die Oordeelsbank, gaan jy antwoord vir owerspel pleeg.

"As ek nie skuldig is nie?"

108 Jy's skuldig! Jesus het gesê: "Wie ook al kyk na 'n vrou, om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar owerspel gepleeg." En wanneer daardie sondaar wat so na jou gekyk het, en daardie gedagtes oor jou gehad het, hy gaan antwoord daarvoor, by die Oordeelsdag. En waarom het hy dit gedoen? Jy het jouself voorgestel aan hom, ingewurm in een of ander klere en dinge soos daardie. Reg. Dis 'n skande. Jy sal dit moet doen, dame.

109 En julle manne wat julleself Christene noem, wat julle huis behoort te regeer, en laat julle vroue dit doen, bekeer of julle hele huis sal vergaan!

110 Julle mag nie van my hou hierna nie, maar ek gaan vir julle die Waarheid vertel, want my—my hande gaan vry wees van die bloed wanneer ek by die Oordeelsbank kom. Dis een ding seker. Ja. Luister, broer, daar is altyd 'n stem wat saam met die teken gaan, julle weet, en julle beter Dit hoor; nie myne nie, maar Hierdie is wat die Bybel gesê het. Dis reg. O, ek weet Dit klink outyds, maar dis net wat die Bybel gesê het, en dis wat ons veronderstel is om te wees.

Engele moes hulle gesigte bedek, om in die Teenwoordigheid van God te staan.

111 En, vroue, wanneer die Bybel gesê het: "Dis 'n onbehoorlike ding, of 'n lelike ding vir 'n vrou om selfs te bid met haar hare gesny." Sy het geen reg om te bid nie, en julle sit haar in die koor en maak haar selfs 'n prediker. Dis reg.

112 Ek weet dit maak julle 'n bietjie siek. Maar, julle weet, soos mamma altyd gesê het, oor kasterolie drink: "As dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie." So dis hoe dit is met die Evangelie. Dit moet jou laat dink. Dis die Waarheid. Mans en vroue, albei, albei skuldig, albei kante, ses van die een en 'n halfdosyn van die ander.

113 Dis presies reg waar ons staan, oneerbiedig, maak nie saak wat die Woord sê nie. "Wel, dis reg. Ek glo dis reg." Jy veronderstel dit is reg. Die Bybel het gesê dis verkeerd! En *veronderstel* is "om voort te gaan sonder gesag." Julle het nie God se gesag om dit te doen nie.

114 Hierdie kweekskole en skole en dinge, wat oor hierdie dinge gaan soos daardie, dis 'n skande. Dit plaas jong mans, jong predikers, op die verkeerde pad, laat hulle agter een of ander soort van 'n mensgemaakte teologie aangaan in plaas van die Woord van God. Geen wonder hulle kan nie 'n egte ware Boodskap glo nie, geen wonder hulle kan nie Hierdie dinge in die kerk hê nie, geen wonder hulle moet Hom uitsit aan die buitekant, in die laaste dae, geen eerbied in Sy Teenwoordigheid nie. Sy Teenwoordigheid kan neerdaal, hulle sal lag en kougom blaas, rondstap en aangaan soos ek weet nie wat nie, net so min eerbied as niks, in Sy Teenwoordigheid. Nou, glad geen eerbied nou, vir God of Sy mense nie.

115 Waarom, waarom doen hulle dit? Nou luister aandagtig. Waarom doen hulle dit? Hulle is nie bewus van Sy Teenwoordigheid nie. Hulle dink nie dis God nie.

116 Dink julle daardie vrou sou werklik . . . of daardie soldaat sou hom in die gesig geslaan het, en sou 'n lap om sy gesig gesit het en hom op die kop geslaan het, en gesê het: "Nou as U 'n profeet is, sê vir ons wie U aangeraak het"? As daardie man geweet het dit was God wat hy geslaan het, dink julle hy sou dit gedoen het? Dink julle daardie dronk soldaat sou baard uit Sy gesig getrek het, en in Sy gesig gespoeg het, met keel skoonmaak en spoeg in daardie gesig, as hy geweet het daardie sou die Seun van God wees? Hy was nie bewus daarvan nie.

117 En vandag, wat mense 'n klomp fanatici noem, hulle is nie bewus dat dit die Heilige Gees is wat werk in daardie mense nie. En kom net weg met enigiets; nie bewus daarvan nie, nie bewus van Sy Teenwoordigheid nie. Julle weet, soos die ou

gesegde is . . . Party van hulle sê: "Ek gaan na die diens en lag, gaan na die diens om fout te vind." Dit is gesê dat dwase sal stap met spykerskoene waar Engele vrees om te trap. Onbewus van God, dis die rede.

118 Waar, dit behoort te wees soos Dawid. Dawid het gesê: "Ek sit Hom altyd voor my." Dis die rede wat hy gesê het: "Ek sal nie beweeg word nie," want God is altyd voor hom. Ja, meneer.

119 Nou, tweedens, het hulle hulle voete bedek. Wat het: "Hulle het hulle voete bedek," beteken? Nederigheid. Die bedek van hulle gesig het eerbied in God se Teenwoordigheid beteken. Die bedekking van hulle voete was nederigheid in Sy Teenwoordigheid.

120 Soos Moses in Sy Teenwoordigheid, wat sy skoene uittrek, sy voete ontbloot het.

121 Paulus, toe hy Jesus gevind het, die Vuurkolom, het hy op die grond geval, van sy voete af. Waar sy voete moes wees, het hy sy gesig gehad, nederigheid.

122 Johannes die Doper, daardie groot profeet, eerste een wat op die land was in vierhonderd jaar, maar hy het gesê: "Ek is nie werd om Sy voete aan te raak, die riem wat aan Sy sandaal is, los te maak nie."

123 Sien, die een oor Sy voete, bedek, het nederigheid beteken. Hou nou hierdie dienaar voor God dop: Sy gesig bedek in eerbied, Sy voete bedek in nederigheid, ja, en baie bewus van . . . Wees baie bewus van jou geringheid.

124 Almal van ons probeer een of ander groot iemand wees. "Ek is Doktor *So-en-so*, die groot *So-en-so* van So-en-so." Jy is niks. Dis reg. Dis net . . . Jy's niks. As jy wil weet hoe groot jy is, sit jou vinger in 'n poel water en trek dit uit, en vind die gat waar jy dit ingesit het. Sien? Daar is niks daar nie. En dis wat ons is. God kan sonder ons klaarkom, maar ons kan nie sonder Hom klaarkom nie. Wie is jy? Sien?

125 Wees baie bewus van hoe gering jy is. Die pad op is af. "Hy wat homself verneder, sal verhoog word; hy wat homself verhoog, sal verneder word."

126 Nie lank gelede nie, is ek uitgenooi na Chicago, deur 'n groep heiliges, om te preek. 'n Sekere groot Pinksterprediker daar, met omtrent vier grade in kollege, ensovoorts, en hy wou nie my klein eenvoudige manier van praat daarbo hê voor daardie groot raad wat hulle sou hê nie, so hy het 'n man gekry uit 'n groot Bybelskool daar, om te kom, groot Bybelskool van Chicago, om die toespraak te hou. En die man het gesê nou wat hy sou doen: "Daarnatoe sou kom en daardie mense verkleineer, vir omtrent alles waaraan hy kon dink, van hoe verkeerd hulle was deur te glo daar was 'n Heilige Gees en al daardie goed soos daardie," voor Pinkstermense. Hy het

gestap met sy bors uit, en 'n—'n omgedraaide kraag, soos 'n aandpak aan, al sy notas op die platform uitgegooi. Hy het dit so meesterlik opgestel gehad, totdat hy net die Bybel kon verduidelik, en God het niks Daarvan geweet nie.

127 En die eerste ding waarvan jy weet, jy. . .Hy het gesien dit het nie afgegaan by die mense nie. Hy het iets bly sê soos daardie, en hulle het net gesit en na mekaar gekyk. Dit het nie afgegaan by daardie soort mense nie, daardie Pinksters. So naderhand het hy gesien hy was verslaan, en hy het sy goed opgetel onder sy arm, van die platform afgestap, sy kop na onder, geboë. 'n Ou heilige wat oorkant teen die muur gesit het, het gesê: "As hy sou opgekom het soos hy afgegaan het, sou hy afgegaan het soos hy opgekom het." En dis net omtrent hoe dit is, ook.

128 Verneder jouself, kyk hoe klein jy kan wees; nie wat jy weet nie, wat jy nie weet nie. Laat jouself nederig word voor God.

Nou vind ons, derdens, kon Hy vlieg met die ander twee vlerke.

129 Nou kyk, eers, Hy, in die Teenwoordigheid van God, was Hy eerbiedig, met Sy gesig bedek. Tweedens, was Hy nederig voor God, met Sy voete bedek. En Sy volgende twee vlerke, kon hy vlieg, hom tot aksie laat oorgaan. O, goeiste!

130 Wat het God gedoen? Hy het die profeet gewys hoe Sy voorbereide dienskneg sou wees. Die God het gewys: "Hierdie is My dienaars. Hierdie is Myne. Kyk hoe hulle voorberei is; eerbiedig, nederig, en in aksie." Dis hoe God se dienaars is. O, goeiste!

131 Dis hoe ons moet wees: eerbiedig teenoor God se Woord, nederig, en in aksie vir God.

132 Soos die vrou toe sy geroep is om tot aksie oor te gaan, gekom het, toe sy gesê het: "Kom, sien 'n Man Wie vir my gesê het wat ek gedoen het."

133 Sy teken het haar beïnvloed, dat Hy die Messias was. Sy het gesê; "Meneer, ons weet, wanneer die Messias kom. . .Nou, U moet 'n profeet wees. Ons weet, wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge sê."

134 Sien, sy het verwag dat Hy sou sê: "Wel, die Messias kom spoedig; Ek gaan Hom net vooraf." Maar Hy het gesê: "Ek is Hy."

135 Dit het haar sommer gou tot aksie laat oorgaan. Sy het tot aksie oorgegaan. Jy kon haar nie stop nie. Dit was soos 'n brandende huis, soos ek nou die aand gesê het, in 'n sterk wind. Jy kon haar nie stop nie. Af na die stad het sy gegaan: "Kom, sien 'n Man Wie vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is hierdie nie die Messias nie?" Sien? Sy was in aksie.

Wat het sy gedoen? Sy het opgekom, eerstens, haarself verneder.

"Gee My water."

136 Gesê: "Wel, ons vaders het gedrink uit hierdie put," ensovoorts. En—en sy . . .

137 Hy het gesê: "Wel, Ek sal vir jou Water gee om te drink; jy nie hiernatoe kom nie."

Sy: "Meneer, Meneer, gee vir my daardie Water."

138 Sien, sy was nederig daaroor. En toe sy haarself verneder, toe het Jesus vir haar die teken van die Messias gewys, wat haar tot aksie laat oorgaan het. Sy was gereed om te gaan toe, sy was gereed om almal te vertel met wie sy in kontak gekom het. Sien?

139 Eintlik, met die tradisies van die Oosterse land, sou daardie mans nooit geluister het na daardie vrou nie. 'n Vrou soos daardie het geen stem onder die mense nie. Sy het sekerlik nie. Sy kan niks sê nie. Maar jy haar probeer stop? Sy het tot aksie oorgegaan. Sy moes iemand vertel: "Kom hiernatoe en kyk vir jouself. Die Man het vir my gesê wat ek gedoen het. Is dit nie waarna ons gesoek het nie? Is dit nie wat die Skrif sê, dat die Messias, wanneer Hy kom, Hy dit sal doen nie?" Sy het tot aksie oorgegaan, omdat sy nederig geword het, en God in haar ingegaan het.

140 Petrus, toe hy Sy Woord geneem het. Toe hy heelnag getrek het, as 'n visserman daarbuite, en hy ingekom het, moedeloos, geen vis nie. Enige goeie visserman weet wat dit is, met geen vis nie. Toe, die eerste ding, het hy sy nette gewas, hulle op die oewer neergelê, en hulle laat droog word.

141 En Jesus het afgekom en gevra om sy boot te leen. Hy het gepreek. Toe het Hy gesê: "Simon, gaan uit in die diepte en laat sak vir die trek. Gaan reguit terug waar jy getrek het, heelnag. Gaan reguit terug na waar jy gewerk het, uur na uur, en laat sak vir 'n groot trek vis, 'n groot vangs."

142 Nou kyk. Hy het gesê: "Here, ons het heelnag gewerk en het niks gekry nie. Maar op U Woord, Here, gaan ek die net laat sak. Op U Woord!" Dis reg. Neem God op Sy Woord. En toe hy die net laat sak, het hy so 'n groot trek vis ingesluit, totdat die net begin breek het.

143 Dit het hom tot aksie laat oorgaan. Ja, meneer. Jesus se invloed op hom, het hom tot aksie laat oorgaan, en hy het die net laat sak. En Jesus het gesê: "Wees nie bevrees nie, van nou af sal jy mense vang."

144 Die blinde man, toe hy genees is, gesit het by die poort en . . . of gesit het in die straat. En die Fariseërs het gesê: "Enigiemand wat Hom bely, of enigiets te doen gehad het met Jesus, sou uit die tempel gesit word."

145 Hulle, hulle het gekom, die pa en ma gevra. Hulle het gesê: "Hy is oud genoeg; vra hom."

Hy het gesê: "Man, genaamd Jesus, het my genees."

146 Gesê: "Hierdie man is 'n sondaar. Hy behoort nie aan ons groepe nie. Ons weet nie van waar af Hy gekom het nie. Gee God eer!"

147 Hy het gesê: "Nou of Hy is sondaar is of nie, weet ek nie." Hy het gesê: "Maar hierdie een ding weet ek wel; waar ek blind was, kan ek nou sien." En gesê: "Die snaakste ding vir my is, dat julle veronderstel is om die geestelike leiers van hierdie uur te wees, en hierdie Man het my oë geopen, en tog weet julle nie waarvandaan Hy kom nie." Wat het hy gedoen? Hy het tot aksie oorgegaan. Dis reg. Dit het hom in aksie geplaas, omdat hy Sy roem versprei het dwarsdeur die hele land.

148 Die mense, op die Pinksterdag, toe Jesus vir hulle gesê het om daarbo te wag, en hulle sou wees. . . Afgekom, en toe die Heilige Gees afgekom het op hulle op die Pinksterdag, toe hulle beïnvloed is deur die Woord van God wat gemanifesteer is. Nou onthou, Jesus het gesê: "Wag in Jerusalem totdat julle toegerus is met krag van Bo." Hulle het gewag, nie agt dae nie, nie nege dae nie; hulle het tien dae gewag, totdat die belofte gemanifesteer is. En die Heilige Gees het geval en Ditself verdeel, en tonge van Vuur het op elkeen van hulle gesit.

149 En terwyl hulle beïnvloed is deur die Heilige Gees, het hulle tot aksie oorgegaan, gesteier soos dronk mans, geskree, in tale gepraat, hulle het uitgegaan in die straat.

Hulle het gesê: "Hierdie manne is vol nuwe wyn."

150 Hy, Petrus, het opgestaan, en hy het gesê: "Dit is Dit wat gespreek is deur die profeet, Joël: 'En dit sal gebeur in die laaste dae.'" Wat het dit gedoen? Dit het hom tot aksie laat oorgaan.

151 Dit sal jou tot aksie laat oorgaan, as jy Dit nie het nie, Dit sal jou tot aksie laat oorgaan, wanneer jy die Woord van God sien vervul word. Wat ons gesien het in hierdie laaste dae, behoort ons tot aksie te laat oorgaan. Dit behoort dit te doen, as ons dit net sal doen met eerbied en nederigheid. Die Vuurkolom voor Paulus, het hom tot aksie laat oorgaan. En vandag wanneer ons dieselfde Vuurkolom sien, deur wetenskap, deur Sy resultate, deur wat Dit beloof het, die Woord van God in hierdie laaste dae presies laat geskied, behoort dit ons tot aksie te laat oorgaan. Dat, die teken gegee is: "Soos dit was in die dae van Sodom, net voor Sodom verbrand het, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens; Hy sal weer gemanifesteer word, dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dit behoort elke lidmaat van die liggaam van Christus tot aksie te laat oorgaan, alles te laat inkry wat jy kan, want hierdie is die laaste uur, dis die laaste oproep, laaste oproep. Woord vir woord, is Dit vervul. Dit behoort ons beslis tot aksie te laat oorgaan.

152 Ons, soos die profeet, het die gevolg van selfverhewe denominasioneles hulle plek sien verloor in Christus, hulle houvas verloor op Sy Woord, geloofsbelydenisse aanvaar. En ons het gesien wat met hulle gebeur het toe hulle dit gedoen het, hulle het geestelik gesterf. Ons het gesien wat gebeur het met die Lutherane toe hulle Wesley se oproep geweier het. Ons het gesien wat gebeur het met die Metodis toe hulle die Pinksteroproep geweier het. Nou wat van die Pinksters? Sien?

153 Ons het selfverhewe manne gesien, soos van Ussia, wat die plek probeer inneem het van 'n gesalfde amp. Die amp van 'n man in die kerk is gesalf, nie aangestel nie. Dis gesalf. Die kerk, die. . . die pastoor, die evangelis, die profeet, die apostel, moet die gesalfde amp van God wees, nie gekies deur die mens nie. Die mens het eenmaal daardie amp probeer kies, hulle het lootjies getrek daarvoor; arme Matthias het nooit iets gedoen nie, maar God het Paulus gekies en hy het iets gedoen omdat hy gesalf was. En ons het gesien hierdie amptenare probeer sê: "*Hierdie* is heilige biskop *so-en-so*, *hierdie* is staats *so-en-so* man, *hierdie* is *so-en-so* man," dit beteken nooit niks nie. Maar wanneer God inkom en oorneem, dan sien ons die salwing van die Heilige Gees die Woord van God bevestig.

154 Nou, die effek van die visioen op die profeet, wat het dit gedoen aan hierdie man, wat 'n profeet gebore was? Onthou, hy het die hele Bybel geskryf. Daar is ses-en-sestig Boeke van Jesaja, en ses-en-sestig Boeke van die Bybel. Begin, soos in Génesis; in die middel van die Boek kom die Nuwe Testament, Johannes die Doper; en eindig oorkant in die Millennium. Groot profeet, een van die grootste profete wat ons ooit gehad het, was Jesaja, en hy is gebore om te wees.

155 Maar toe hy gestaan het in die Teenwoordigheid van God, wat het dit die profeet laat doen? Die profeet het gesê: "Wee my, want ek is 'n man van onrein lippe." Om in die Teenwoordigheid van God te kom, en 'n waarlik gesalfde werktuig van God te sien, het veroorsaak dat die profeet bely dat hy 'n sondaar was. Dit behoort ook vir ons, Dit behoort, die gesalfde Teenwoordigheid van God. Toe Hy daardie Een sien uitroep het, en die deurposte wat skud, en daardie Engele wat heen-en-weer gaan, wat bewys het Hulle was voor God, en Hulle was die dienaars van God, gesalf, en Hulle het uitgeroep; was Hy 'n sondaar.

156 Wat het toe gebeur toe hy gereed was? Nou luister, ter afsluiting. Hy was gereed om te bely dat hy 'n sondaar was: "Wee my, want ek is 'n man van onrein lippe, en ek woon onder mense met onrein lippe. Wee my!" Toe het die Engel 'n tang geneem en 'n kool van die altaar geneem, dit in Sy hande gehou, en gekom en hom daarmee gereinig. Toe het die reiniging gekom, na sy belydenis.

157 Nou as 'n profeet, geroep, bevestig om 'n profeet van God te wees, in die Teenwoordigheid van God, ter aanskoue van sy geringheid, gereed was om te bely dat hy 'n sondaar was, wat behoort ek en jy te doen? Maar julle weet wat ons doen? Draai ons kop weg, en stap weg en lag. Dis waar ons staan, totdat die reiniging kom. Kyk, Jesaja . . .

158 Ek wil hê julle moet na iets anders oplet. God het nie boeke en teologie, teologiese terms gebruik, om Sy dienaar te reinig nie. Hy het Vuur gebruik. Hy het nooit geloofsbelydenisse gebruik om Sy dienaar te reinig nie. Hy het Vuur geneem vanaf die altaar. En as God ooit 'n man vandag gereinig het, moet dit die Heilige Gees Vuur wees wat 'n man reinig; nie 'n boek lees en *dit* doen, of 'n ander boek deur *so-en-so* nie.

159 'n Sekere groot prediker hier in Kalifornië, het gesê, nou die dag, hy het gehad "die boek van die jaar." Ek verskil van hom. Die boek van die jaar is die Bybel, was altyd. Die Boek van die jaar was altyd God se Boek.

160 En God het altyd Vuur gebruik om Sy dienaar te reinig. Toe het gevolg, nadat hy nederig bely het dat hy verkeerd was, en die reiniging toe gekom het; en na die reiniging, toe het die in-gebruik-neming gekom. Sien, dis wat die probleem is, party van ons probeer om in gebruik geneem te word voordat ons gereinig word. Sien? Ons sal sê: "Wel, ek sal *dit* volg." Ons moet God volg. Daardie Engele het een ding gedoen, gelewe in die Teenwoordigheid van God; nederig, eerbiedig, en in aksie voor God. Toe het die gevolg, die in-gebruik-neming; na die belydenis en reiniging, was dit toe dat die skoon Jesaja uitgeroep het: "Hier is ek; stuur my."

161 O, broer, suster, as daar ooit 'n tyd was wat die Jesaja's behoort te kom na die huis van God vir reiniging! As daar ooit 'n tyd was dat die kerklidmaat regtig behoort te kom en sy sondes bely! As daar ooit 'n tyd was vir die teruggevallene!

162 Dink net, in die nag wat Sodom gebrand het, wonder hoeveel mense het weggestap van die boodskap van daardie Engele? Wonder hoeveel mense was nie besorg genoeg om Hulle stem te hoor nie? En hulle het vergaan daardie selfde nag, en sal nooit meer wees nie, net hulle straf in die hel.

163 "Soos dit was in die dae van Noag." Hoeveel mense het vir hom gelag, en hom bespot, en het daarnatoe gekom om te luister na sy, sê: "Ons sal soontoe gaan en hoor hoe daardie malle weer afgaan, net om 'n bietjie pret te hê." Opgestaan, weggeloop, wou nie eens luister as hy preek nie. Allerhande dinge; en hulle het vergaan in die oordeel wat hy gepreek het.

164 Amos, daardie predikertjie, geweet . . . van nêrens af, 'n profeet, salwing, opgekom en afgekyk in Samaria daardie tyd. Sy kaalkop wat geblink het, sy ou grys baard, toe hy opgekom het oor die heuwel. Hy het afgekyk, daardie heilige oë van hom

het vernou soos hy gekyk het na daardie stad, nie soos toeriste wat van regoor die wêreld gekom het nie. Want die priesters, almal van hulle, het gesondig, en valse profete het hulle vertel dit was goed. Hy het daar afgestap en met geen samewerking vir sy herlewing nie. Hy het daar afgestap sonder enigiets, en uitgeskree. En hy het gesê: "Die einste God, waarop julle aanspraak maak om te dien, sal julle vernietig."

165 En ek sê SO SPREEK DIE HERE: die God, wat Amerika aanspraak maak om te dien, sal haar vernietig. Neem julle dit vir wat julle ook al wil. Wat ons nodig het, is onder by die altaar, Jesaja. [Leë kol op band—Red.]

En God het gesê: "Wie sal vir My gaan?"

166 Jesaja het gesê: "Hier is ek; stuur my." Ek dink aan daardie lied:

> Toe die Vuurkool die profeet geraak het,
> Hom gereinig het so skoon as kon,
> Toe die stem van God sê: "Wie gaan vir ons?"
> Toe antwoord hy: "Meester, hier is ek, stuur my."

167 Eers moes hy homself verneder en gereinig word, en gereed maak soos ons die voorbereide dienaar gesien het. Kyk na Ussia, hoe hy voorbereid was, maar hy het gefaal. Moenie sit . . .

168 Jy sê: "Wel, nou, ek weet Doktor *So-en-so* is 'n goeie man. Ek ken Broer *So-en-so*." Hulle mag wees, maar moenie daarna kyk nie.

169 Kyk *hier* na bo, sien, *hier* is die Weg. God het 'n Weg om voor te berei. Hoe het Hy dit gedoen? Op die Pinksterdag, het Petrus vir hulle gesê wat om te doen. Hy het vir hulle 'n voorskrif geskryf, en dit het altyd dieselfde gebly. Moenie Daarmee peuter nie, jy sal jou pasiënt doodmaak.

Hulle het gesê; "Wat kan ons doen om gered te word?"

170 Hy het gesê: "Bekeer, elkeen van julle, word gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is vir julle en julle kinders, en vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep."

171 Dis net hier vanaand. As God steeds roep, is dit die voorskrif. Jy kan steeds dieselfde Heilige Gees ontvang wat hulle daar ontvang het, net . . . Jy kan dieselfde ding vanaand ontvang. Volg net na. Dis al wat jy doen. Ja, dan kan jy sê:

> Toe die Vuurkool die profeet geraak het,
> Hom gereinig het so skoon as kon,
> Toe die stem van God sê: "Wie gaan vir ons?"
> Toe antwoord hy: "Meester, hier, stuur my."

Laat ons dit sing.

Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord;
Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

172 Luister hier, broer.

Daar's miljoene nou wat sterf in sonde en skande;
O, luister na hul bitter en droewig roep;
Haas, broer, haas tot hul redding;
Antwoord nou vinnig: "Meester, hier is ek."

O, spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord;
O, spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

173 Laat ons ons hoofde buig. [Broer Branham begin neurie *Spreek, My Heer*—Red.]

Hom gereinig het so skoon as kon,
Toe die stem van God sê: "Wie gaan vir ons?"
Toe antwoord hy: "Meester, hier, stuur my."

Wil julle nederig en gereinig wees?

Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord;
Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

174 Terwyl hulle nou speel, is daar een Jesaja hierbinne vanaand, of 'n honderd, wat wil gaan, die reiniging van God in julle lewe wil hê? Julle wat nie Christus as julle Verlosser ken nie, julle word nou uitgenooi na die altaar, as Hy praat met julle hart. Ek hou nie baie van oorreding nie. Ek dink die Heilige Gees Self doen die oorreding. Maar as jy hier is, en jy's sonder Christus . . . Nou onthou, jy sal antwoord by die Oordeelsdag, vir wat jy hiermee doen vanaand. Sien? Nou as jy wil kom, ek is hier om saam met jou te bid.

175 In Christus se Naam, bied ek jou die geleentheid om te kom, God te soek, en jy Hom in vreugde mag vind. Jongmense, oumense, middeljariges, kerklidmate, wat jy ook al is; as die Vuur van God, deur die Heilige Gees, jou nie in jou hart gereinig het, tot die punt dat jy elke Woord van hierdie Bybel glo nie, en Christus 'n lewende getuienis van jou . . . in jou hart is nie, dat Hy opgestaan het uit die dood, dan nooi ek jou uit na die altaar. Kom hier en laat ons saam met jou bid. Glo dan dat almal van julle, volgens julle eie optrede, dat julle gered is.

176 Dan, is daar 'n teruggevallene hierbinne, wat wou kom? Ek vra jou, as 'n dienaar van Christus, of jy sal afstap hiernatoe en ons saam met jou laat bid. Ek sê nie Hy sal jou terugneem nie. Ek glo Hy sal. Wil jy nie kom en dit nou probeer nie? As Hy met jou praat, kom.

177 Diegene sonder die doop van die Heilige Gees? Ek veronderstel daar is nie enige hier wat nie het nie, wat nie teruggeval is nie. Elkeen, dan, moet deurgebid wees, Christene, en deurgebid. En dan as julle deurgebid is, en julle het nie die doop nie, en julle wil hê God moet Dit vir julle gee, is dit dan julle geleentheid, nou.

178 Daar is een man wat Dit nie het nie. Seën sy nederige hart. Ek vertrou dis nog 'n Jesaja.

Nou lig dan julle hoofde op.

179 Daar is een man gekniel hier by die altaar, een wat ek vertrou 'n Jesaja is.

Nou Hy is hier. Glo julle Hy is hier?

180 Nou ek gaan julle sê wat julle gedoen het. Julle het die verskriklikste ding gedoen wat julle ooit gedoen het. Daar is twee of driehonderd mense hier wat by die altaar behoort te wees.

181 Laat ek vir julle wys, in die Naam van die Here, dat ek reg is in wat ek sê. Kyk. Party van julle mense hierbinne, bid.

182 Hier, hier sit 'n dame wat hier sit met 'n wit jas aan, klein wit jassie, wat reguit na my kyk. Ek kan nie. . . Sy is 'n Christen. Maar sy bid vir 'n swakheid. Sy het artritis. Glo jy dat God jou kan gesond maak, jou genees? Dan kan jy dit kry.

183 Die volgende man, wat langs jou sit daar, het iets verkeerd met sy ore. Glo jy God kan jou oorprobleem genees, meneer, en jou gesond maak? Ja. Steek op jou hand as jy glo.

Nou wees asseblief eerbiedig, net 'n oomblik.

184 Die man net langs hom ly aan 'n hartprobleem. Glo jy dat God jou kan genees, meneer, met die hartprobleem? Ek ken jou nie. Jy's 'n vreemdeling vir my. Is dit reg? Jy's 'n vreemdeling. Wel, luister. As God vir my kon sê wie jy is, sou dit jou help? Kan jy my goed hoor? Jou naam is Mnr. Blackwood. Glo jy Hy kan vir my sê waarvandaan jy is? Jy's van Riverbank, Kalifornië. As dit reg is, staan op jou voete. Ek het hom nooit gesien, in my lewe nie. Goed.

185 God seën jou, meneer. Jou geloof het jou genees. Daardie dame wat net daar langs jou sit, het senuweeprobleme. Wil jy genees word van jou senuweeagtigheid? Steek op jou hand, as jy wil. Lê jou hand oorkant op haar, meneer, dat sy genees sou word.

186 Die dame wat langs jou sit, nou, het suikersiekte, met die rooi rok aan. Sy wil ook voor gebid word. Sien? Sy wil voor gebid word. Hê geloof.

187 Hier is 'n dame wat ver hieragter sit. Sy's gereed vir 'n operasie. As sy net kan. . . O God! Sy het 'n gesakte baarmoeder. Haar naam is Mej. Maxwell. Glo. Staan op, aanvaar jou genesing, Mev. Jy't nie 'n gebedskaart nie, het jy? Jy't nie 'n gebedskaart nie? Goed, jy het nie een nodig nie.

Steek op jou hand as dit reg is. Ek ken jou nie. As dit reg is, wuif jou hand. Ons is vreemdelinge vir mekaar, wuif jou hand soos hierdie.

Wat het sy aangeraak? Sy het my nooit aangeraak nie.

188 Mnr. Stewart, wil jy ook genees word, senuweeagtigheid, en glo dat God jou sal gesond maak? Ek's 'n vreemdeling vir jou. Maar dis wie jy is, en jy ly aan 'n senuweeagtigheid. Jy kan kwalik jouself beheer. Staan op jou voete en aanvaar jou genesing, in die Naam van Jesus Christus.

189 Hier is 'n dame wat daar agter jou sit. Sy het ook 'n senuweeagtigheid. Sy't iets verkeerd in die spiere in haar liggaam. Sy gaan dit misloop en . . . Mev. Newell, staan op, as dit jou naam is en dis wie jy is. Glo! [Die suster skree hard uit—Red.]

Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

190 Sekerlik, hier's 'n dame wat net hier sit, sy het hartprobleme en hoë bloeddruk. Glo jy dit, reg, suster? Staan op as dit reg is.

191 Die dame wat daar langs jou sit, sy het iets in haar bors. As dit reg is, staan op.

192 Sê vir die dame, langs haar, sy het groeisels op haar gesig, soos klein gewassies. As sy genees wil word, sê vir haar om op te staan en dit te aanvaar.

193 Nou daar's 'n groep van julle hierbinne wat by hierdie altaar behoort te wees, die Heilige Gees te soek. Dis SO SPREEK DIE HERE. Julle sien wat ek bedoel? Nog een keer gaan ek hierdie oproep maak. Dis die bevestiging dat ek julle die waarheid vertel. God praat met mense hierbinne, en julle is 'n bietjie in vertwyfeling. Sal julle eerlik genoeg wees om jou hand op te steek, sê: "Ja, Broer Branham, ek was altyd 'n bietjie onseker. Ek wil meer van God hê. Ek weet daar's iets wat ek kortkom hierbinne, en wat ek behoort te gehad het toe ek bely het om die doop van die Heilige Gees te hê"? Steek jou hand op, sal jy dit doen? Wees net eerlik met jouself. Die Heilige Gees is nooit verkeerd nie. Waarom kom jy nie op, dan, en handel daardie twyfel af nie? Kom! "Ek sal vinnig . . . "

Spreek, my Heer, spreek, my Heer,(dis reg)
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord.

194 Sien, ek sê julle niks verkeerds nie, vriende. Dis die Heilige Gees wat roep. Daar is honderde hierbinne, as julle glo ek is 'n profeet. Nou, onthou, ek sê julle in die Naam van die Here, julle is mislei. Kom op!

Die Vuurkool wat die profeet geraak het,
Hom gereinig het so skoon as kon,
Toe die stem van God sê: "Wie gaan vir ons?"
Toe antwoord hy: "Meester, hier, stuur my."

195 Sal julle nie dieselfde sê nie? Staan dan op, steek julle hande op.

Spreek, my Heer, o, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord.
Spreek, my Heer.

196 Wat doen Hy? Antwoord Hom dan, as Hy spreek. As daar 'n bietjie twyfel iewers is, julle is nou nie seker hiervan nie, moet geen kans vat nie. "Here, stuur my."

O, spreek, my Heer, (Hy spreek. Kom aan.) . . .
my Heer,
Spreek, en sal U vinnig . . .

197 Nou, mense, ek is nie geneig tot fanatisme nie. Ek is nie geneig om dinge verkeerd te sê nie. Ek voel gelei wanneer ek sê wat ek sê.

. . . my Heer,

Spreek, en ek sal antwoord . . .

198 Jy sê: "Wat sal die mense daarvan sê?" Dis wat God daarvan gaan sê, wat dit is. "Stuur my."

Spreek, my Heer, (dis reg)
Spreek, en ek sal U vinnig antwoord;
. . . my Heer, o, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

Daar's miljoene nou wat sterf in sonde en skande;
O, luister na hul bitter en droewig roep;
Haas, broer, haas tot hul redding;
O, antwoord vinnig: "Meester, hier, stuur my."

O, spreek, my . . .

199 Nou elke persoon hierbinne, ons wil gereed maak vir 'n groot genesingsdiens môre, ook. En ek wil hê elkeen van julle predikers moet by hierdie mense kom wat die Heilige Gees soek, moenie net stop binne vyf minute nie, bly daar totdat, (hoe lank?) totdat die Heilige Gees kom.

. . . my Heer,
O, spreek, en ek . . .

200 Nou laat die gehoor nou jou hand oorkant sit op iemand anders, Lê net jou hand oorkant op mekaar, op iemand; julle wat gaan bid, wat hierdie mense hierbo verteenwoordig.

. . . my Heer,

201 Nou die gange is volgepak, die altaar is volgepak, daar is omtrent 'n honderd-en-vyftig, tweehonderd mense.

. . . my Heer,
Spreek, en ek sal an- . . .

202 Nou begin bid: "Here, stuur my! Spreek, my Heer! Here, stuur my!"

203 Genees diegene, Here, in Jesus Christus se Naam. Here, skenk dit. O God, skenk die gebede van diegene.

204 Moenie laat los nie. Bly net daar totdat dit gebeur. Bly totdat jy die uitroep van God hoor. Staan totdat die gérubs jou skud, die Heilige Gees die Vuurkool van die altaar van God gekry het, Dit op jou lippe lê.

205 [Broer Branham roep Broer Roy Borders na die preekstoel—Red.]

"Spreek, my Heer."

INVLOEDE AFR64-0215
(Influences)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 15 Februarie 1964, by die Elliott Ouditorium in Tulare, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org